Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark Trinitas

Baie welkom by Trinitas!
Ons sien onsself as 'n verloste familie van diensknegte wat gestuur is.
Ontdek saam met ons wat dit vir jou en Vanderbijlpark beteken!

SONDAG, 22 MAART 2020

Welkom aan Riaan Andersen van Potchefstroom wat die oggenddiens lei.

OGGEND 09:00

GOD OPENBAAR HOMSELF AS DIE ENIGSE WARE GOD EN EIS DAT ONS HOM BO ENIGIETS SAL LIEFHÊ EN VERTROU

Skriflesing: 1 Johannes 2:12-19 (1983)

Wat is 'n afgod en wat is liefde vir die wêreld?

Die eerste gebod/bevel wat die Here in sy wet gee, is dat ons geen ander gode naas Hom mag hê nie. Wat is "ander gode", hoe lyk hulle in ons konteks vandag, en hoe weet ek of ek besig is om afgode te dien? Is ek dalk liewer vir die wêreld as vir God? In hierdie preek leer die Here ons uit 1 Johannes 2 en die Heidelbergse Kategismus Sondag 34 dat misplaaste liefde (liefde vir die wêreld) baie maklik kan lei tot afgodery. Gevolglik is die tema van hierdie preek: "God openbaar Homself as die enigste ware God en eis dat ons Hom bo enigiets sal liefhê en vertrou."

GEEN AANDBYEENKOMSTE GEDURENDE DIE VAKANSIE NIE.

PROGRAM VIR DIE WEEK

AAN DIENS

Ouderlinge

Peter Venter, Paul le Roux

Diakens

Christa Snyman, Warren Pile

KOLLEKTES

Onder die erediens vir Diakonale Kas

Vandag - GKSA Sustentasiefonds

29 Maart- Teologiese Studentekas

BELANGRIKE DATUMS VIR MAART

Skole open nie meer die 31e Maart nie

KONTAK ONS

www.gktrinitas.co.za

facebook.com/GKTrinitas

Kerkkantoor: Elsabé Muller

☎0169825017 / 0713561496

Skriba: Gerrit van Wyk 0711032110

Koster: Elsa Prinsloo 0794778699

Kassier: Emil Janeke 0798725286

Afloskoster: Sonja Vorster 0659546487

Orrelis: Nannes v.d. Walt 0833041841

Bankbesonderhede van kerk:

Rek. naam: Geref. Kerk Vanderbijlpark Trinitas ABSA Tjekrekening 530340449

Diakonie bankbesonderhede:

ABSA Tjekrekening 530340457

Predikant: Peter Venter

☎0797338778, peter@gktrinitas.co.za

Besoek GK Trinitas se facebook-blad weekliks vir preekopsommings, GKSA nuus en afkondigings.

KINDER-EREDIENSBEGELEIDING

Daar is geen Kinder-erediensbegeleiding tydens die vakansie nie. Kontak Janneke Beumer ☎0835642280 met enige navrae.

JEUGBEDIENING

Sondae 10:00: Graad 1 – 6

Sondae 16:30: Graad 7 – 11

LIEF EN LEED

- Hartlik geluk aan Peter en Hestie ☎0797338778 met NJ se geboorte die afgelope week.
- Hartlik geluk aan Chris en Amanda Vermaak ☎0824572091 wat 'n agterkleinkind ryker geword het die afgelope Donderdag.
- Dit gaan baie goed met ds. Henk van Bemmel ☎0766828286, hy sterk tuis aan en bedank almal vir hul omgee en gebede.
- Ria du Plessis is die afgelope week oorlede. Ons bid vir Ben ☎0825057039 en die familie in hierdie hartseertyd.
- Anne-Marie Snyman ☎0798756743 het die afgelope week 'n groot operasie ondergaan. Ons bid vir haar vir spoedige herstel en ook vir die beproewing waardeur sy gaan.
- JP Terblanche ☎0825723328 het ernstige knieprobleme en gaan op 20 April vir 'n knievervanging. Voorbidding word ook vir hom gevra.
- Voorbidding word steeds vir Jan en Ina Swanepoel ☎0828422592 gevra wat met gesondheidsprobleme worstel.
- Anton en Wilma Olckers ☎0810999723 bedank almal vir hul gebede.

Voorbidding word vir alle lidmate gevra wat met pyn en beproewing worstel.

SIEKEBESOEK DIENSGROEP
Kontak James en Toetie Terblanche ☎0825723328 en ☎0718721741.

VERJAARSDAE:HARTLIK GELUK!
(Vakansieverjaarsdae ingesluit)

23/03	Kiara Guerra	☎0828174481
23/03	Annimie Labuschagne	☎0738322313
23/03	Logan Viviers	☎0763771640
24/03	Jonette van der Westhuizen	☎0823439130
25/03	Hennie Kotzé	☎0823696929
25/03	Tinus Laubscher	☎0169332320
25/03	Martie le Roux	☎0827822148
26/03	Kotie van der Walt	☎0733154350
27/03	Henry Dednam	☎0834493772
27/03	Ria Geldenhuys	☎0169337980
27/03	Ria Jansen van Vuuren	☎0833005595
28/03	Jean du Plessis	☎0844407186
28/03	Marli Greeff	☎0823230333
28/03	Johan Smit	☎0836653535
30/03	Cecilia Goodchild	☎0723537656
30/03	Gert Voges	☎0828168577
01/04	Stefan Pieterse	☎0835733183
03/04	Linda Eloff	☎0827105964
03/04	Mariet Voges	☎0721248152

SPESIALE VERJAARSDAE:
Geen.

HUWELIKSHERDENKINGS
(Vakansie huweliksherdenkings ingesluit)

30 Mrt.	Lukas en Sina Coetzee ☎0763149616	18 jaar
31 Mrt.	Bob en Jackie Kleynjan ☎0833814020	19 jaar
2 Apr.	Stephan en Lynette Nel ☎0837020026	37 jaar
3 Apr.	Henk en Susan van Bemmel ☎0835534495	38 jaar

NUWE LIDMATE
Kom ontmoet gerus die diensouderling na die erediens voor die preekstoel.

DIENSGROEPE
'n Inligtingsboekie verskyn binnekort met onder andere diensgroep inligting.

TEESKINK
Teeskink hervat weer na die vakansie. Neem asb. 'n rooster in die kerkkantoor se rakkie. Hestie Venter ☎0836498372 is die sameroeper.

GEHOORAPPARATE
Agter in die kerk onder die trap. Vra gerus die klankman vir hulp.

DR. FRANS MINNIE
Afsprake kan deur die kerkkantoor gemaak word met Dr. Minnie (pastorale berader) **Maandae** by die kerk vir lidmate van Geref. gemeentes. Donasies: FNB Tjekrekening No: 621 843 512 04, Takkode: 250-945.

TRINITAS-BOEKHOEK
Verskeie boeke is beskikbaar agter in die saal om tuis te gaan lees. Franciska v.d. Merwe ☎0827818032.

TRINITAS WHATSAPP-GROEP
Trinitas se WhatsApp-groep versprei vinnig nuus, gebeure, lief en leed en vervang ons SMS-stelsel. Stuur jou naam en nommer aan Maureen van Helden ☎0823922093 indien jy nog nie op die groep is nie.

KOSPAKKIE DIENSGROEP
Kospakkies word maandeliks gepak en uitgedeel aan behoeftige persone. Verskeie droë bestanddele en toiletware kan hiervoor geskenk word. Plaas dit in die houer gemerk

'diakonie skenkings' in die saal. **Jy kan ook 'n kospakkie borg @R200 (wat toiletware en kos insluit).** Kontak Jolani Lourens ☎0823359586 vir die volledige lys.

Bied praktiese hulp vir verswakte of bejaarde lidmate, en enkellopende dames. NF van Tonder ☎0823356698.

ONDERSTEUNING VIR MADAGASKAR
Gert Visser ☎0834491036. Bydraes: Aksie Uitreik, ABSA, rek no. 9055971748

EVANGELISASIE – KONINGSKINDERS
Philip Snyman ☎0834681035, Anne-Marie Snyman ☎0798756743 of Christa Snyman ☎0798779882.

MANNE-OGGEND
Trinitas-mannebediening vind elke Vrydag – (soos aangedui op kalender) om 05:30 plaas by die kerk. Alle mans vanaf hoërskoolouderdom is welkom. Ons is tans besig met 'n reeks oor Genesis 1 – 11. Kontak Gert Visser ☎0834491036 met enige vrae. Sien jou daar!

OP DIE KENNISGEWINGBORD
GKSA nuus, Feba Radio, Geopende Deure, 'Save the Date' Klassis Vaalrivier Survivor Jeugkamp 22-25 Sep. Cross Courier - gratis Engelse tydskrif (GK Jeugkantoor), GLOmediaTV - eredienste, programme vir tieners ens., Omgewingspitkosse,

KLEIN ADVERTENSIES
- Theuns Odendaal ☎0832561387 verkoop 'n verskeidenheid produkte.
- Algemene herstelwerk, Renier de Beer ☎0748917646.
- Adri Geere ☎0769592923 benodig admin, sekretariële of kassierwerk.
- Offenbach's tye: Maandae 13:00 – 17:00, Dinsdae – Vrydae 09:00 – 17:00 en Saterdae vanaf 09:00 – 12:00. Franciska vd Merwe ☎0825167653.
- Jossie Potgieter het 'n 8-stiplek Mahoniehout eetkamerstel te koop @R5 000. ☎0169319310
- Vir enige houtmeubels, deure, kroeë, ens – Kontak Dewald Pieters ☎0163624791 of ☎0828251224 of sien Webadres: www.ftpvaal.co.za

WHATSAPP-GROEPE
Stuur asseblief jou naam en nommer vir Maureen van Helden ☎0823922093 indien jy nog nie op een van ons gemeente se WhatsApp-groepe is nie. Ons maak nie meer gebruik van SMS'e nie, slegs van WhatsApp. Laat weet asseblief die kerkkantoor indien jy nie WhatsApp het nie en nog SMS'e moet ontvang in die toekoms.

OPDATERING VAN PERSOONLIKE BESONDERHEDE OP KERKSTELSEL
Ds. Peter vra dat indien jou adres, telefoonnommer of enige van jou besonderhede verander het, jy dit asb. vir hom, jou ouderling of die kerkkantoor sal deurgee, aangesien hy besig is om die gemeente besoek.

NUUSBRIEF
Vandag is die laaste nuusbrief vir die kwartaal.

VERLOF
Ds. Peter is tans met verlof. Kontak jou ouderling of die kerkkantoor in geval van nood.

RIGLYNE TYDENS Covid-19 NOODTOESTAND

Liewe Trinitas-familie
Soos u seker al gehoor het, is daar 'n noodtoestand in ons land aangekondig as gevolg van die Koronavirus (Covid-19). Die implikasie hiervan is dat ons versoek word om samekomste van meer as 100 menste ten sterkste te vermy. Hierdie verbod het bepaalde implikasies op ons as gemeente, aangesien ons gemiddelde erediensbywoning hierdie getal oorskry. Die gevolg is dat ons sekere maatreëls moet instel om die verspreiding van die virus so ver as moontlik te beperk. Die kerkraad probeer so ver moontlik dat ons geloofsroeping na te kom deur liefde wat in dade oorgaan.

- Eerstens wil ons u verseker dat die doel van die streng riglyne vanaf die regering nie is om kerke te ondermyn of om te vervolg nie.

As gelowiges het ons die verantwoordelikheid om aan alle owerhede gehoorsaam te wees soos wat God ons beveel in die vyfde gebod, asook in Romeine 13

- Tweedens word die gesondheid en welstand van alle mense in ag geneem om te verseker dat niemand onnodig in gevaar gestel word nie. Dit beteken dat ons na ons eie gesondheid van ander kyk om te verseker dat niemand se lewe in gedrang is weens siekte of persone se agterlosigheid nie.

So is ons gehoorsaam aan die sesde gebod.

- Derdens het ons die verantwoordelikheid om nie van die samekomste af weg te bly nie en daarom is ons besig om alles binne ons vermoëns te doen om te verseker dat die woordverkondiging ongehinderd voortgaan.

Gehoorsaamheid aan die vierde gebod.

Met dit in gedagte word die volgende voorstel vanaf die kerkraad voorgehou om te verseker dat die Here se Woord steeds getrou bedien word.

1. Eredienste gaan so ver moontlik voort, maar:
2. Ons is proaktief besig om sisteme in plek te sit om die eredienste vanaf vandag deur middel van stromingsdienste (Live Stream op YouTube) beskikbaar te stel. Die skakel sal direk voor die erediens op ons WhatsApp- en Faceboekgroepe geplaas word.
3. Lidmate wat siek is of swak immuunsisteme het, word versoek om nie na die eredienste toe te kom nie.

4. Slegs lidmate wat nie deur middel van die stromingsdienste kan inskakel nie, word aangemoedig om die eredienste by die kerkgebou by te woon.
5. Die erediens se klankopname sal ook direk na afloop van die erediens deur middel van die gemeente se WhatsApp- en Facebookgroepe , asook op ons webblad beskikbaar gestel word.
6. Lidmate word ontmoedig om mekaar te soengroet, te druk of hande te skud.
7. Elkeen moet so ver moontlik persoonlike higiëne opskerp deur hande te was en nie openlik te hoes of te nies nie.

As kerkraad vra ons dat u saam met ons oor hierdie saak sal bid tot die Here. Hy was en is nog steeds in beheer van alle dinge. So ook vra ons dat u elkeen sal elkeen sal opdra wat direk en indirek deur hierdie pandemie geraak word.
Die riglyn wat ons instel, is hopelik net tydelik en sal opgehef word sodra die noodtoestand in die land stabiliseer en ook opgehef word. Deur by hierdie riglyne te hou, is ons wesenlik besig om ons liefde teenoor God en ons naaste uit te leef op 'n sigbare wyse.
Kontak asseblief jou ouderling indien daar enige vrae of onduidelikhede is.

Groete in Christus
Trinitas-kerkraad